

27 Julie 2013

Skrifgedeelte: Johannes 4:10-14

Fokusgedeelte: Johannes 4:14

Bron van lewende water

Sedert die sondeval smag (dors) ons daarna om vry te wees van die sonde en al die slegte gevolge wat dit in ons lewens het. Eg menslik, net soos Israel in die tyd van die Ou Testament, sal ons oral na oplossings vir ons probleme gaan soek, behalwe by God self. Om te dink dat wêreldse dinge soos geld, plesier, mag of selfs uiterlike godsdienstige dinge vir my oplossings kan bied, is om te dink dat 'n gekraakte klip met water in vir my meer van waarde is as 'n lopende fontein (vgl. Jer. 2:13).

Dit waarna elke sondaar dors, kan net God vir ons gee. Die "*lewende water*" wat God aan ons kan gee, is sy Seun, Jesus Christus. Christus maak ons nie net vry van enige sondeskuld nie, maar daagliks is Hy ook besig om ons van die sondige praktyke wat ons lewe versuur, vry te maak. Net Hy gee aan ons die lewe in oorfloed. Deur sy Gees wat in ons woon, word ons self ook borrelende fonteine.

Water wat uitborrel, moet iewers heen vloei. So vloei die oorvloedige lewe van die een wie se hart en lewe deur Christus verkwik is, voort om vir ander verkwikking en lafenis te bring. Hierdie stroom van lewe in Christus deur sy Gees het ook 'n eindbestemming. Dit voer ons mee na ons ewige eindbestemming, die ewige lewe by God en by Christus.

Sing: Psalm 42:1, 5 (Totius)

Ds. HJ Stoltz (Bloemfontein-Suidheuwels)